'N SENDINGVELD OP DIE DRUMPEL

SendTRA01

DIE OPDRAG

"…'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het…'" (Mat 28:18,19) "…julle sal my getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.'" (Hand 1:8)

Twee baie bekende gedeeltes uit die Skrif wat aan die Kerk die opdrag gee om die Evangelie wyd en syd aan mense te verkondig. Deur die eeue was die Kerk getrou aan hierdie opdrag en het dan ook deur sendelinge, evangeliste en dies meer, soms onder baie moeilike en selfs lewensgevaarlike omstandighede, lig in 'n donker wêreld gebring.

Sendelinge in verafgeleë en ook buurlande weet wat dit is om swaarkry aan hulle lyf te voel—soos die Apostels in die vestingingsjare van die Kerk. Materiële ondersteuning deur gemeentes wat sendelinge uitstuur is nie altyd na wense nie, om nie eers van die geestelike ondersteuning te praat nie.

Groot gewag word gewoonlik gemaak van hierdie sendingwerk en die siele wat onder moeilike omstandighede vir die Koninkryk gewen word—en met reg so, want vir elke siel wat vir die Koninkryk gewen word is daar 'n gejuig onder die hemelse leërskare. Dalk is ons juis hier op aarde daaraan skuldig dat ons nie naasteby juig en jubel soos dit hoort nie.

Omdat baie van ons onder Christelike omstandighede groot geword het of groot word, weet ons nie werklik wat dit is om deur dwaalleer en misleiding verwar te word en hoe dit voel om waarlik bevry te word van bande wat jou gebind het nie. Daarom dat ons, insluitende leraars, nie altyd werklik besef hoe ernstig dit is om iets omtrent die Sendingveld op ons Deurdrumpels te doen nie.

Het dit nie tyd geword dat die Kerk met meer erns na die Jerusalems in elke gemeente uitreik nie? Hierdie Jerusalemskinders kry ons om elke hoek en draai binne ons gemeentes.

NET 'N VRAAG:

Is lidmate toegerus om met die Jehova se Getuie, Mormoon, Nuwe of Ou Apostel selfs New Ager wat dalk langs hom of haar bly, of aan sy deur klop, of saam met wie hy/sy werk, effektief oor die Evangelie te gesels? Of neem hulle hul toevlug tot die leraar, wat ook in baie gevalle nie weet hoe om met kultelede te gesels nie? Nog beter: Maak hulle maar die deur toe na een of ander flou verskoning, in baie gevalle op aanbeveling van leraars, en los daardie arme soekende siel in die duister? Wat gaan maak ons eendag wanneer ons voor die troon staan en ons word met Mat 10:32-33 & 25:31-46 gekonfronteer?

Ja! Daar is 'n Sendingveld in elke gemeente en lidmaat se Jerusalem (Hand 1:8) wat versaak word en waaroor die Kerk en lidmate ernstig sal moet besin. Hierdie Sendingveld is letterlik onder ons en stel nie naasteby die eise aan lidmate en gemeentes wat die verafgeleë sendingvelde vereis nie. Inteendeel, elke toegeruste lidmaat kan 'n sendeling wees!

Dominee, dink net daaraan hoeveel makliker sal u taak wees indien daar 'n toegeruste kerngroep in u gemeente is wat weet hoe om met lede van kultes in gesprek te tree—wat ander lidmate kan ondersteun wanneer hulle deur kultelede besoek en dalk verwar word. Het dit nie tyd geword dat iets daaraan gedoen moet word nie? Sal dit nie wonderlik wees as groepe soos die Jehova se Getuies, Mormone, Nuwe en Ou Apostels, International/ Johannesburg Church of Christ, Sciëntologie en vele ander se positiewe groei na negatiewe "groei" omgekeer kan word nie?

KULTELEDE KOM UIT DIE KERK!

Kultes werf hul lede uit die Christelike kerke. Bitter min kultelede kom uit die heidendom. Dit beteken hierdie mense het eens op 'n tyd die waarheid geken, alhoewel hulle dalk nie geloofsekerheid gehad nie. Kultes verstaan hoe om onsekerheid met 'n sin van sekerheid te vervang. Daarvoor word psigiese beheersingsmetodes ("mind control") gebruik. Hierdie beheer wat aanvanklik baie subtiel is word gaandeweg strenger toegepas en so word die volgeling vasgevang in 'n groep waaruit hy bitter moeilik sal kan vrykom. Indien hy sou vrykom dan kan dit jare neem om die skade wat aangedoen is te herstel, indien ooit. Dit is ook nie ongewoon dat kultelede wat vrygekom het in baie gevalle niks met 'n kerk of godsdiens te make wil hê nie. Dit kan selfs baie jare duur. Voorsorg is dus beter as nasorg. Maak seker lidmate is goed toegerus in die waarheid. Weet hulle hoekom dit belangrik is om te glo wat hulle glo? Ken hulle die basiese geloofswaarhede op die punte van hulle vingers? Kan hulle hulle geloof verdedig in die sin

soos ons dit vind in die voorbeeld van die Apostels? Kan hulle doen wat Judas vir ons neergepen het: "…stry vir die geloof wat een maal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het." (v.3c)

Die teendeel is eerder waar. Kultelede loop die meeste Christene sonder veel moeite onder die stof.

GEVAAR IN DIE OKKULTE!

Oor die algemeen dink mense aan *Satanisme* wanneer na die okkulte verwys word. Dit is juis hierin waar die gevaar lê. Ons behoort met meer erns kennis te neem van 2 Kor 11:14, 15: "En geen wonder nie! Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig. Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God nie…" Onder hierdie subtiele misleiding word baie mense oor die afgrond getrek.

Daar word wêreldwyd 'n nuwe belangstelling in Paganisme ("Paganism") gerapporteer. Tienderjarige meisies stel veral belang in Wicca (heksery) en volgens sommige bronne is dit die godsdiens wat die vinnigste groei in die weste. Hierdie tendens van terug na die aarde toe kulmineer in die aanbidding van moeder aarde (Gaia) as die Moedergodin.

Selfverering waar die mens homself as God sien of as die Christus word deur die New Age filsofieë aangevuur. In samehang hiermee kom die konsep dat jy jou eie realiteit skep—wat jy droom sal jy kan kry! Hierdie invloed kom selfs die kerk binne onder die vaandel van allerhande manifestasies wat as die werk van die Heilige Gees voorgehou word. Wêreldbekende predikers, veral uit die VSA, word met oop arms in ons land ontvang net om hierdie duiwelse vure hoog aan te blaas. "Name it and claim it" het tot gevolg dat arm goedgelowiges amper alles gee teneinde van God honderdvoudig te ontvang soos deur predikers aan hulle voorgehou word. En die resultaat—rykerwordende predikers wat groot gehore trek en wie se aanhangers wêreldwyd in hulle miljoene tel.

Okkultiese invloede sypel selfs die opvoedingstelsel binne, terwyl baie ouers en leerkragte salig onbewus daarvan is. Visualisasie en meditasie word in sommige skole aan leerders voorgehou en geleer as metodes tot ontspanning en om jou ware self ("inner self") te ontdek. Dit gaan selfs so ver dat jong, ja selfs laerskoolkinders, aangespoor word om nie verbaas te wees as sy persoonlike gids ("spirit guide") tydens hierdie proses sy verskyning maak nie. Die aangewese ding is dan om hierdie gids te volg en te luister wat hy sê. 'n Praktyk wat ook onder toordokters ("shamans") en sangomas te vinde is.

Misleiding is so oud soos die mens self. Drie aspekte word deur die Skrif vir ons uitgelig: 1.) 'n Vals Jesus; 2.) 'n Vals evangelie, en; 3.) 'n Vals gees. (2 Kor 11:3-4) In die okkulte is hierdie misleiding makliker herkenbaar, maar by die kultes wat so na aan die Christelike geloof is, dat baie mense groepe soos die volgende as net ander denominasies sien, is dit nie altyd so maklik nie. Hierdie mense gebruik bekende Christelike woorde en terme wat daarin slaag om Christene te mislei sodat hulle dink hulle praat van dieselfde konsepte en begrippe.

JEHOVA SE GETUIES:
Hulle erken Jesus as die Seun van God, maar wat bedoel hulle daarmee? Ook die opstanding word nie deur hulle ontken nie, maar wat glo hulle oor Jesus se opstanding? So kan ons aangaan. Tenspyte hiervan weet ons van 'n geval in die Pretoria omgewing van 'n ouderling! in die NGK wat een Sondagoggend twee JGs na sy bure toe gestuur het, omdat hulle nie in die kerk kom nie. Hoekom het hy sy plig versaak?

Hulle verkondig nie net 'n vals Jesus nie, maar ook 'n vals evangelie en 'n vals heilige gees. Tenspyte van hierdie ernstige dwaalleer handhaaf hulle die afgelope paar jaar 'n ±3.0% toename in ledetal per jaar.

Dit beteken ±2,000 lede per jaar, wat as ons daaroor besin die volgende implikasie suggereer: Indien 40% (500) hiervan uit Ned Geref Kerke kom dit die verlies van een leraarspos beteken. Iets wat ons tot nadenke behoort te stem.

DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS VAN DIE HEILIGES VAN DIE LAASTE DAE (MORMONE):
Die eerste gedagte wat in die meeste gevalle by mense opkom is dat hulle meer as een vrou het. Dit is natuurlik onwaar, want die wette van verskeie lande maak dit nie moontlik nie. Nogtans is dit een van hulle kernleerstellings in soverre dit hulle lewe in die "hiernamaals" as gode en godinne op hulle eie planete aanbetref. Dit is nie al nie. Vra 'n Mormoon of hy in die Drie-eenheid glo, en hy antwoord onomwonde, "Ja." Die vraag is wat glo hy oor hierdie kernleerstelling van die Christelike geloof? By nadere ondersoek blyk dit dat ook hulle met 'n vals Jesus, vals evangelie en vals heilige gees by deure aanklop.

Volgens syfers deur hulle aan ons verskaf groei hulle met ±11.0% in Pretoria. Selfs al word dit gehalveer en verder om meer konserwatief en dalk realisties te wees ook op 3.0% gestel kan dit dalk nog 'n leraarspos beteken! Hulle lede tel amper 12 miljoen teenoor die 6 miljoen Jehova se Getuies.

JOHANNESBURG CHURCH OF CHRIST:
Hierdie kerk moet nie met die hoofstroom Church of Christ/Gemeente van Christus verwar word nie. Miskien is dit hierdie onkunde wat 'n leraar in ons omgewing aan 'n bekommerde ma die antwoord oor haar seun se betrokkenheid by hierdie kerk laat gee het, "Ag J…. as hy tuis voel daar los hom dan." Hulle het wel uit hierdie kerk ontstaan, maar hierdie kulte, wat leerstellig so baie na-aan die Kerk is dat sommige teoloë hulle as deel van die Kerk wil klassifiseer, was onlangs in die nuus toe 'n Kaapse dagblad 'n berig oor hulle en die skade wat deur hulle aangerig word, gehad het. Jongmense kry met hulle ywerige dissipelers ("disciples") op kampusse te doene. Dit word van nuwe lede verwag (later dissipels) om onderdanig aan hulle dissipelers te wees in alle sake. Dit is juis hierdie beheer wat hulle so 'n gevaarlike kulte maak. Dit is nie snaaks as jong belowende studente sommer skielik hul studies opskop om dan nou voluit vir die Here te werk nie.

NUWE EN OU APOSTELS:
Te oordeel aan die tempo waarteen hulle kerkgeboue oprig moet ons erken dat ook hulle hul deel van die "oes insamel" en dit ook vanuit die gevestigde kerke. Nog 'n leraarspos?

Hierdie is maar net 'n paar wat ons kan noem.

WAT STAAN DIE KERK TE DOEN?
Daar is seker baie wat gedoen kan word. Lang debatte kan gevoer word, kommissies aangestel word, verslae geskryf word en dies meer, maar lê die antwoord nie daarin om aksie te neem nie.

- Maak lidmate bewus van die gevaar wat daar skuil in die kultes.
- Verseker dat lidmate hulle lewens aan Jesus oorgegee het, en dus met oortuiging van hulle verlossing kan getuig.
- Rus hulle toe in die basiese dinge van die geloof, sodat hulle met opregtheid die Christelike geloof kan verdedig.
- Spoor lidmate aan om toerustingsgeleenthede wat deur ***KIES*** aangebied word by te woon.

Vir inligting en ondersteuning oor kultes kontak:

KIES CIEC
Posbus 8009
EDLEEN
1625
Tel/Faks: 011-394-3080
E-pos: kies_ciec@telkomsa.net
Hierdie traktaat mag vryelik gekopieër word.